**Vakansiedorp**
**Huiseienaarsvereniging**

Tel: 071 784 5275
E-pos: admin@hartenboshuiseienaars.co.za
Web: https://www.hartenboshuiseienaars.co.za

# NOTULE

## ALGEMENE LEDEVERGADERING NR 26

## Gehou op 30 Desember 2022 te Hartenbos Laerskool om 09:00

1. **Opening en verwelkoming** **Voorsitter: Frans Stapelberg**
   Die voorsitter heet almal welkom asook die eregaste, mnr Louis Brill (ouditeur), mnr Morné Beukes (ATKV) en mnr Johan Grábe (Bayview Buurtwag).
   Die vergadering word geopen met Skriflesing (Matt 5:1-7) en gebed.
   Daar word gemeld dat geen addisionele nominasiebriewe vir die bestuur met die aanvang van die vergadering ontvang is nie.

2. **Konstituering** **Santie von Below**
   Die vergadering word as wettig verklaar want 'n kworum is teenwoordig.
   Aantal lede teenwoordig: 105
   Aantal proksies ontvang: 25

3. **Voorsittersverslag** **Frans Stapelberg**
   Die voorsitter meld dat eposse wat deur lede gestuur is wel die aandag van die 2023-bestuur sal geniet.
   Twee agendapunte soos versoek deur lede is wel op hierdie agenda geplaas.
   Die voorsitter lewer sy verslag waarvan 'n skriftelike kopie op die webwerf geplaas was.
   Die vergadering aanvaar die voorsitter se verslag.

4. **Goedkeuring van die notule van die 25ste Algemene Ledevergadering gehou op 29 Desember 2021 soos opgestel deur LM van Niekerk** **Frans Stapelberg**

a. Voorstel: "Dat Notule 1 soos gepubliseer op die webwerf goedgekeur word."
Die vergadering meld dat bg notule nie in sy huidige formaat goedgekeur kan word nie en stel voor dat elke punt bespreek moet word vir aanvaarding. [Notule 2 (soos opgestel deur die 2022-bestuur) word ook op die skerm vertoon.]
Notule 1 word punt vir punt hanteer met die volgende resultaat soos voorgestel en aanvaar deur die lede teenwoordig:

- Punt 1: Aanvaar
- Punt 2: Aanvaar
- Punt 3: Aanvaar met die voorstel dat Par 2 van Notule 2 onder punt 4 b hanteer word van Notule 1
- Punt 4: Aanvaar met invoeging van Par 2 van Notule 2 as 4b.
- Punt 5: Aanvaar Par 1; Vervang Par 2 met Punt 5a en Punt 5b van Notule 2.
- Punt 6: Aanvaar met skrapping van die Nota
- Punt 7: Aanvaar

- Punt 8: Aanvaar met voorwaarde dat die bestuursverslag van 2021 as 'n bylaag aangeheg word en die Nota geskrap word
- Punt 9: Aanvaar die bewoording van Punt 9 soos op Notule 2
- Punt 10: Aanvaar Par 1 en 2 maar nie Par 3 nie
- Punt 11: Aanvaar met die melding dat *slegs lede wat bou die padbouheffing moet betaal.*
- Punt 12: Aanvaar Par 1 en Par 2 van Notule 1 asook Punt 5a van Notule 2, met skrapping van Par 3 op Notule 1.
- Punt 13: Die vergadering stipuleer dat die name soos gelys op Notule 1 ontbreek aan die drie nominasies wat net voor die vergadering ingehandig was. Die vergadering stipuleer dat 'n kworum steeds op hierdie stadium van die vergadering teenwoordig was. Die vergadering stipuleer dat Punt 13 van Notule 2 ingevoeg word by Punt 13 van Notule 1.
- Punt 14: Par 1 en Par 2 van Notule 1 word nie aanvaar nie en die vergadering besluit dat Punt 14 van Notule 2 hier ingevoeg moet word.

**5. Grondwet** **Frans Stapelberg**

a. Voorstel: "Dat die Hersiene Grondwet soos gepubliseer op die webwerf goedgekeur word."

Hierdie voorstel word deur die vergadering aanvaar met voorwaarde dat:

i) 50% van die lede + een lid, teenwoordig moet wees op 'n spesiale vergadering vir die neem van spesiale besluite; en

ii) Die bespreking van die estetika van boustyle soos per ledevergadering van 27 Desember 2011, geag word.

**6. Finansiële Verslag en Begroting** **Nico Marais**

a. Voorstel: "Dat die Ouditverslag soos gepubliseer op die webwerf goedgekeur word."

Hierdie voorstel word deur die vergadering aanvaar.

b. Begroting vir 2022/2023: kennisname deur die lede

Die lede neem kennis van die begroting.

c. Voorstel: Dat L. Brill & Kie aangestel word as ouditeur vir 2023.

Hierdie voorstel word deur die vergadering aanvaar.

**7. Sekuriteitskameras** **TJ Kotze**

Johan Gräbe van die Bayview Buurtwag verduidelik die proses om 'n pro-aktiewe benadering te volg. Morné Beukes van die ATKV verduidelik die voorgestelde kaart met die ligging van die sekuriteitskameras.

a. Voorstel: "Mosie aanvaar word ten gunste van die sekuriteitskameras in samewerking met die ATKV en die Hartenbos Buurtwag; ordegrootte van die investering is R600 000.00."
Die vergadering gee 'n mandaat vir R420 000.

b. Finansieringsopsies: *Stemming vir opsies by wyse van handopsteek*

- Opsie A – Uit die HVHV se fondse en dit word aangevul deur 'n spesiale heffing eenmalig of maandeliks te hef
- Opsie B – Finansiëring maandeliks terugbetaalbaar vir drie jaar.
  Opsie A word aanvaar deur die vergadering.

**8. Dalmanuthalaan** **Gideon Knoetze**

Die vergadering word ingelig dat die ATKV Hoofbestuur besluit het dat bouwerk in 2023 sal begin.

**9. Bekleding van huise met Nutec-bord** **Nico Marais**

Die vergadering versoek dat die 2023-bestuur terugverwys na notules van 2011 en 2015 en hierdie punt sal ondersoek en terugvoering aan die lede hieroor sal gee.

**10. Verkiesing en bekendmaking van die Bestuur 2023** **Ouditeur: Louis Brill**

Die volgende nominasies was ingedien en is verkies tot die bestuur vir 2023:

1. Frans Stapelberg
2. Nico Marais
3. Dr. Santie von Below
4. Gideon Knoetze
5. Kobus Burger
6. TJ Kotze
7. N'Ré du Toit

**11. Promosie items** **Gideon Knoetze**

T-hempde, sonsambrele, koelhouers en pette word voorgehou as moontlike promosie items. Lede word uitgenooi om insette hieroor te lewer.

12. **Afsluiting** **Frans Stapelberg**

Die lede word bedank vir hulle teenwoordigheid op die vergadering en vir hulle betrokkenheid deur die jaar. Die vergadering word verdaag.

**--oOo--**